Martin Luther se Nalatenskap

Plundering van die Joodse Warskou-ghetto, Tweede Wêreldoorlog

Die vervolging van die Jode deur die Christendom is ‘n hooftema in die geskiedenis van die Jodedom, sedert die kerstening van die Romeinse Ryk onder keiser Konstantyn in die vroeë vierde eeu n.C. Vir die Jode is die kruis en die swastika ewe veel ‘n simbool van vervolging en wreedheid, die draer van elende. Die Jode ken die geskiedenis van die Christendom maar al te goed.

Die meeste mense is bekend met die vervolging van die Jode deur die Rooms-Katolieke Kerk. Die berugte Spaanse Inkwisisie van 1481 tot 1808 is die beste voorbeeld. Die Rooms-Katolieke historikus, Malcolm Hays, skryf soos volg:

> *The machinery of propaganda was entirely in the hands of the church officials. Preaching, chronicles, mystery plays, and even ecclesiastical ceremonies were the principle agencies available for the dissemination of hate.*[1]

Die lyding van die Jode onder die Protestante word daarmee egter effe op die agtergrond gestoot. Onder die vaandel van die kruis en in die naam van Christus is Jode uit nasies verban, is Jode ingeperk in ghettos, het Jode hul eiendom verloor, en moes dikwels ook hul lewens inboet. Baie het Christene onder dwang geword, wat hulle verplig het om die Sabbat te breek, hulle is verbied om hul seuns te besny, en hulle moes onrein vleis eet. Hulle moes aan die Bybel ongehoorsaam word om Christene te kon word.

Dis skrikwekkend dat hierdie haat vir Jode net wit oorgepleister is, in vandag se Christendom. Nòg die Rooms-Katolieke Kerk, nòg die Protestantse denomonasies het hierdie gruwels bely. Vandag word die Nazi’s vir die Joodse massamoord blameer, en nie die Christendom nie. Dis egter flagrante, moedswillige blindheid vir die geskiedenis om *nie* te wil erken nie, dat al die Nazi’s hul wortels in die Christendom gehad het, dat die Christendom die Duitse nasie se gietvorm was. Selfs al kon komende geslagte nie die direkte verband met die Christendom sien nie, het die Duitsers van dié tyd daarvan geweet, en beslis ook die Jode.

Dis goed om te onthou dat die Nazi-massamoord in die land van die Protestantse Reformasie gekoester is. Dis ‘n feit dat die saadjie vir alles wat Adolf Hitler gedoen het, vanuit die Rooms-Katolisisme na die Protestantisme verplant is – deur niemand anders nie as Martin Luther, die grootste gees van die Reformasie en ook een van die invloedrykste persone in menseheugenis.

Dis ‘n skokkende aantyging, is dit nie! Wat kan hierdie sogenaamde held van die geloof dan te doen hê met die nagmerrie van die Derde Ryk en die demoniese Adolf Hitler? Die man wat die Evangelie uit die greep van betekenislose godsdienstradisies vrygemaak het, en wat die leerstelling van regverdiging deur genade, deur die geloof help skep het – hy kan tog nie skuldig wees aan hierdie dinge nie, kan hy? Martin Luther het sy geweld-lokkende, giftige sienings oor Jode geensins weggesteek nie. By verre nie. Hy het elke middel tot sy beskikking gebruik – die pen, die preekstoel, en oorreding – om nie net sy sienswyse aanvaarbaar te maak nie, maar ook om gewelddadige optrede teen die Jode uit te lok.

---

[1] Gary E. McCuen, *Religion and Politics, Issues in Religious Liberty*, bladsy 37-38 (1989)

Martin Luther was ongetwyfeld nie skaam vir wat hy gesê het nie. Dit was sy uitgesproke wil dat sy woorde onthou sal word en gehoorsaam sal word. Tog laat net sy volgelinge vandag sy woorde half vergete, asof hulle niks te make het met dit wat hy voorgestaan het nie. Daarom is die kanse skraal dat u ooit gehoor het van die drie verdrae van Martin Luther teen die Jode van 1543: *On the Jews and Their Lies; On the Ineffable Name;* and *On the Last Words of David*.

Hierdie verdrae is 'n samevatting van sy gedagtes oor sy ganse lewe heen, oor die Jode. Eers wou hy hulle wen deur oorreding. Luther het die volgende geskryf toe hy 'n jong man was:

> *If we wish to help them [the Jews], we must practice on them not the papal law but rather the Christian law of love, and accept them in friendly fashion, allowing them to work and make a living, so that they gain the reason and opportunity to be with and among us and to see and to hear our Christian teaching and life.*[2]

Slegs toe dié prediking en oorreding misluk het ("sagte genade" in Luther se teologie), is daar tot kragtiger optrede oorgegaan. Dit het oor die tydspan van Luther se lewe vir hom duidelik geword dat die vooroordele teen die Jode, wat hy vroeër probeer bekamp het, in werklikheid geldig was. Volgens hom was hulle vervloekte godloënaars, met die duiwel as hul heer en meester. Hy het gesien dat dit amper onmoontlik was om hulle te kersten, en dat alle vorme van lyding op hulle afgemik, hulle eintlik daaraan herinner dat hulle God se verworpe volk is. Slegs die diep oortuiging daarvan sal enkeles van hulle se harte kan sag maak.

LUTHER SE NALATENSKAP

Die volgende maatreëls verskyn in Martin Luther se testament, sy nalatenskap aan die wêreld. Die nalatenskap van 'n man is wat sy nasate van hom erf, 'n lewende blyk van hom, lank na sy dood. In een van sy formele geskrifte – die vrug van sy oorwoë oortuigings oor 32 jaar se Bybelstudie – het Luther die volgende sewe aanbevelings opgesom.

---

[2] *That Jesus was born a Jew*, gepubliseer in 1523.

Hulle is te vinde in die verdrag, *On Jews and Their Lies*[3]:

What shall we Christians do with the rejected and condemned people, the Jews? Since they live among us, we dare not tolerate their conduct, now that we are aware of their lying and reviling and blaspheming. If we do, we become sharers in their lies, cursing, and blasphemy. Thus we cannot extinguish the unquenchable fire of divine wrath, of which the prophets speak, nor can we convert the Jews. With prayer and the fear of God we must practice a sharp mercy to see whether we might save at least a few of them from the glowing flames. We dare not avenge ourselves... I shall give you my sincere advice:

✞ *Set fire to their synagogues and schools, burying and covering with dirt what won't burn, so no man will see a stone or cinder of them. This is to be done in honor of our Lord and Christendom.*

✞ *Second, I advise that their houses be seized and destroyed.*

✞ *Third, I advise that all their prayer books and Talmudic writings be taken from them.*

✞ *Fourth, I advise that the rabbis be forbidden to teach henceforth on pain of life and limb.*

✞ *Fifth, I advise that the safe conduct on the highways be abolished completely for the Jews, for they have no business in the countryside, since they are not lords, officials, or tradesmen. Let them stay at home.*

✞ *Sixth, I advise that usury [lending money and charging interest] be prohibited to them, and all cash and treasures be taken and kept for safekeeping.*

✞ *Seventh, I recommend putting a flail, an axe, a spade, a distaff, or a spindle into the hands of the young, strong Jews and Jewesses, letting them earn their bread by the sweat of their brow, as was imposed on the children of Adam (Genesis 3:19). For it is not fitting that they should let us accursed Goyim toil in the sweat of our faces while they, the holy people, idle away their time... boasting blasphemously of their lordship over the Christians by means of our sweat... For, as we have heard, God's anger with them is so intense that gentle mercy will only tend to make them worse and worse, while sharp mercy will reform them but little.* ***Therefore, in any case, away with them!***

---

[3] *D. Martin Luthers Werke. Kritische Gesamtausgabe*, Vol. II, bladsy 314-315, en die volledige traktaat is te sien in Engels in *Luther's Works*, Volume 45, bladsy199-229. Daar is 'n paar ander Engelse vertalings van hierdie voorskrifte. Een van hulle is *The Christian in Society*, ed. Franklin Sherman (1971), bladsy 268-272. Die "Ideas in Conflict"-boek, *Religion and Politics – Issues in religious Liberties*, deur Gary E. McCuen, haal hulle ook aan op bladsy 16-23.

Vir Martin Luther was hierdie "sagte genade" noodsaaklik om hulle tot belydenis te bring, aangesien hulle nie oortuig kon word deur die suiwer evangelie wat hy verkondig het nie. Dis nie net 'n saak van verbygaande aard nie; toe hy eers tot dié slotsom gekom het, het hy nooit van mening verander nie. Martin Luther se laaste preek, net 'n paar dae voor sy dood, het gewemel van bitsige, verdoemende woorde en vulgariteite oor die Jode. Hy het sy saadjie in vrugbare grond geplant, en dit het oor die eeue heen gegroei.

HULLE SAL AAN HUL VRUGTE GEKEN WORD.[4]

Diegene met 'n losse kennis van die brutale geskiedenis van die Derde Ryk weet dat die Nazi's al Martin Luther se aanbevelings oor die Jode in die praktyk deurgevoer het, en dit selfs oortref het. Hulle het die sinagoges aan die brand gesteek ter wille van die "positiewe Christendom" wat Hitler voorgestaan het; hulle het hul huise gekonfiskeer en verbrand; hulle het in die openbaar met smaak die heilige en seldsame *Torah*-geskrifte en die *Talmud*-kopieë verwoes; hulle het die rabbi's doodgemaak; hulle het verseker die Jode nie toegelaat om veilig te reis nie – die enigste reis toegelaat was 'n enkelrit in 'n beestrok; hulle het elke enkele vorm van rykdom van hulle weggevat – selfs die goudstopsels in hul tande en hul hare; en die Jode wat nie deur die Nazi's op die plek doodgemaak is nie, is verneder deur slawe-arbeid wat baie se ondergang was. Dit alles was geregverdig, volgens Martin Luther, as dit met gebed en die vrees van die Here gepaard gaan.

Die talle geslagte Christene na Martin Luther – die man met 'n leeue-aandeel vir die dinge van God – sien moontlik nie die direkte verband tussen hom en Protestantse Anti-Semitisme nie, maar die Nazi's het beslis. Hulle het duidelik verstaan wat Luther bedoel het. Julius Streicher, een van die profaanste en mees berugte anti-Semiete van die Derde Ryk, gebruik Martin Luther se sewe aanbevelings vir sy eie verdediging in die *Nüremburg*-verhoor. Hy het selfs as leuse vir sy koerant, *Der Sturmer* (die Nazi-haatkoerant) 'n direkte aanhaling uit Luther se *Die Juden sind unser Unglück* (Die Jode is ons vloek) geneem.[5]

IN DIE WÊRELD, MAAR NIE VAN DIE WÊRELD NIE?[6]

Moenie toelaat dat enigiemand u mislei nie: ongeag die feit dat die Duitsers 'n toegewyde Christennasie was, was hulle deeglik bewus van Hitler se oogmerke vir die Jode. Hy het hulle 'n duisend keer daarvan verwittig. Talle van die tienduisende Protestante en Katolieke het Hitler oop en bloot gesteun. Die res het passief gely, nes hulle altyd verkies het om te wees. William L. Shirer, skrywer van *The Rise and Fall of the*

---

[4] Matt 7:15-20
[5] Vir 'n voorbeeld van 'n voorblad, kyk die *Time-Life World War II* -reeks, *At the Center of the Web* (1989)
[6] Joh 17:15,16

Third Reich, het verstaan hoekom hulle stilswyend toegekyk het:

> *... in his [Martin Luther's] utterances about Jesus, Luther employed a coarseness, brutality, and language unequaled in German history until the Nazi time. The influence of his towering figure extended down through the generations in Germany, especially among the Protestants... In no country with the exception of Czarist Russia did the clergy become by tradition so completely servile to the political authority of the State.*[7]

Toe hulle almal die kans gegee is om òf by Hitler se Staatskerk aan te sluit, òf om tronk toe te gaan, het die oorgrote meerderheid stil-stil deel van die Derde Ryk Kerk geword. Aangesien dit as die godsdiensarm van die Derde Ryk bestem was, *moes* beide die entoesiaste én die twyfelagtiges dit steun, want dit was hul verwysingsraamwerk vir wat reg of verkeerd was. Dit was verreweg te gevaarlik om God toe te laat om dit aan hulle *persoonlik* deur die Heilge Skrif te laat wys. Dit sou 'n erkenning wees dat daar 'n hoër outoriteit in mense se lewens was, 'n ander een as die Derde Ryk. Dit was hoogverraad vir Hitler.

Dus het hulle regverdigend gestaan en hul Jesus geprys, hulle kerke met swastikas versier, hulle oë gesluit, en gesê dat hulle nie weet wat aangaan nie. Dit sus die gewete veel meer om aan enkeles as helde te dink, dié wat die konsentrasiekamp verkies het – eerder as om stil te bly oor die ander monsteragtighede om hulle – as om te dink aan die legioene "goeie," hardwerkende Duitse Christene wat Hitler se leër, polisiemag, doodspelotonne, en preekstoele gevul het. Duitse Christene se voorneme om "in die wêreld, maar nie van die wêreld nie" te wees, het nie water gehou nie.

Wat elke pastoor en predikant gedoen het, kon nie beter beaam word nie, as in die volgende woorde oor Martin Luther toe hy professor in teologie was by die Wittenberg Universiteit:

> *Elector Johann Friedrich (one of the princes Martin Luther served who supported the Reformation) was prone to solicit [Afr. onregmatige] advice from Luther and Luther's colleagues only after policy had been set: The original function of the Wittenburg opinion, to advise conscience, was increasingly transformed by Johan Friedrich into the function of relieving consciences, as a religious sanction and assurance.*[8]

Hoe gerieflik om hulle gewetens so te sus! Hoe maklik om God se guns in hierdie lewe sommer so uit te wys, en die verwelkoming in die hiernamaals sommer so uit te deel! Hul gewetens was so goed gesus, dat die Duitsers wat die Joodse doodskampe beheer het, oor Kersfees selfs hul Kersliedere kon sing! Daarna, natuurlik, was dit weer tyd vir die hervatting van die praktyk van "skerp genade."

Hoe hemelsbreed verskil dié voorbeeld van die Christendom, tog, van die hart van die apostel Paulus, wat sy ganse bediening onder die

---

[7] *The Rise and Fall of the Third Reich, A History of Nazi Germany,* deur William L. Shirer, bladsy 327 van die 1962-slapbanduitgawe.
[8] Aangehaal in *Luther's Last Battles, Politics and Polemics,* deur Marc Edwards, Jnr., bl. 205 (1983).

heidene gesien het as die middel “om op een of ander manier my eie mense [*Paulus was ‘n Jood*] jaloers te maak en sommige van hulle te red.”[9]

In die lig van Paulus se hartstog vir die Jode is dit vir enige regdenkende mens twyfelagtig of Martin Luther en sy “skerp genade” deur dieselfde gees gedryf was. Paulus skryf:

> *... oor my broers, my eie volksgenote. Ek sou self vervloek wou wees, afgesny van Christus, as dit net tot hulle voordeel kon wees.*[10]

KERK EN STAAT

Martin Luther se werk het vrug gedra nadat sy drie verdoemende boeke verskyn het. Godsdiensvervolging weens die samesmelting van kerk en staat was ‘n algemene gesig, maar die Joodse Massamoord is die duidelikste en aakligste voorbeeld. Dis die onheilige samesmelting van kerk en staat wat sulke vervolging krag en politieke gestalte gee. In sulke lande word ‘n bedreiging vir die staatsgodsdiens – ongeloof, of afwykende geloof – eenvoudig gesien as ‘n bedreiging vir die staat. Ongeag of godsdiensvervolging sy oorsprong by die Rooms-Katolieke of die Protestante gehad het, as dit deur die staat gesteun word, is dit ‘n monsteragtige miskenning van die mens se gees. As so ‘n klimaat in ‘n nasie posvat, word selfs die ondenkbaarste, wreedste dade heeltemal as geregverdig beskou, en selfs geesdriftig deur die massas gesteun.

Martin Luther se drie verdrae het ‘n ontsaglike boosheid uit die Rooms-Katolieke stelsel in die teelaarde van die Protestantse geloof ingesaai. Hierdie onbelyde boosheid wag nog steeds vir ‘n geleentheid om in ons geskiedenis weer eens losgelaat te word. Martin Luther was ‘n vals profeet met woorde van smet, en Adolf Hitler was dierlik in sy optrede teen God se volk. Hierdie voorvalle is tipies van die eindtyd, soos in die Skrif voorspel.

MA EN DOGTER AARD SO RÉG NA MEKAAR

Martin Luther se denkpatroon was die produk van ‘n geleidelike proses, gevorm dwarsoor sy volwasse lewe. Hy het Rooms-Katoliek grootgeword, want dit was Europa se enigste godsdiens. Dit was die gom wat samelewing en regering aanmekaar gehou het, ‘n stelsel waarin elkeen sy plek geken het, en die hemel was as beloning beskou vir die relatief kort, dog strawwe lewe van destyds. Enigiets wat nie streng Katoliek was nie, was ‘n bedreiging – vir hierdie lewe én vir die hiernamaals. As die Katolieke Kerk nie die enigste waarheid ingehou het nie, sou geen goeie Katoliek dalk hemel toe kon gaan nie, en dan was alles in elk geval tevergeefs. Hierdie sienswyse was so ingeweef in die alledaagse lewe dat die kerk dikwels die gewone burgers moes beperk in hul ywer om Jode en ander nie-Katolieke eiehandig dood te maak.

In dié gees was enigiemand wat iets nuuts op aarde wou propageer,

---

[9]Rom 11:14 [10]Rom 9:3

as ‘n openlike vyand beskou, veral as dit met erns en ywer gepaard gegaan het – ongeag of dit Katoliek of Protestant was – en veral as die yweraars die gevestigde kerk se halfhartigheid en kompromie met die wêreld boonop daardeur ontbloot het. Daar was altyd ‘n manier om met sulke pogings af te reken: leuens en intimidasie lei tot die konfiskering van die ketter se eiendom, dan volg wrede lyfstraf; en as dit nie die ongelowige kon terugbring in hul kraal nie, volg teregstelling deur die wreedaardigste metodes.

Martin Luther, nes alle ander Katolieke teoloë voor hom, het ook so geredeneer: straf vroeg genoeg deur die kerk uitgedeel – en waar nodig deur die staat – is eintlik die werking van God se genade om sulkes van die hel se vlamme te red. Met ander woorde, dis altyd vir *hul eie beswil*. En nie net vir hul eie beswil nie, maar ook vir die samelewing in die breë. Ongelowiges midde-in ‘n “Christelike nasie” verteenwoordig twis en verdeelheid en dit noodsaak optrede, anders kan die samelewing nie op God se seën aanspraak maak nie.

“Ketters” soos die Anabaptiste (Wederdopers) het ‘n wrede lot gedeel onder die hande van Martin Luther. Hulle was gedwing om vanaf ‘n hooimied hul dood tegemoet te spring in skerp pale in; verdrink in die see; of opgehang, soms aan hul hakskene.

Dis die geskiedenis van bykans elke nasie en samelewing waar die Christendom die hoofinvloed was. Dis noodwendig deel van die Christendom se aard. Waar Christene die leisels vat en regeer, word die regte van ongelowiges eenvoudig geminag, want hulle gaan mos in elk geval hel toe!

“Ketters” soos die Anabaptiste (Wederdopers) het in dieselfde lot gedeel onder die hande van Martin Luther. Hul strewe na die terugkeer tot die ware geloof het ‘n bedreiging ingehou vir die gevestigde kerk. Martin Luther het slegs *reformasie* van die bestaande kerk voorgestaan, en nooit die *restorasie* van die apostoliese kerk wat aan die einde van die eerste eeu weggeval het nie. Sy strategiese besluit om diegene te vervolg wat ware restorasie nastreef, soos die Anabaptiste, maak die Katolisisme en die Protestantisme pasmaats – *ma en dogter aard so rég na mekaar*!

VERANTWOORDELIKHEID

Dis heeltemal reg om Martin Luther die eer te gee (hyself sal dit nooit as blaam of skande beskou nie) vir alle Christelike staatslui na hom, wat Jode behandel binne die riglyne van sy oordeel. Hoe sal ons Luther se wysheid beoordeel, volgens die Woord van God? Is dit die suiwer, rein, vredevolle, sagmoedige, billike wysheid wat van bo kom, vol genade en goeie vrugte? Of is dit aardse, vleeslike, natuurlike, demoniese wysheid wat van onder af kom? Wat was die bron van Martin Luther se woorde, dat hy in dieselfde asem Jesus Christus sy Saligmaker kon seën, én die swaarste vloek ooit op mense kon lê, mense geskape volgens God se beeld?[11]

Daar is ook ander riglyne in die Skrif vir regverdige oordeel. Die Seun van God het nooit gesê dat mens vals profete aan hul leerstellinge sal uitken nie. Hy het gesê mens sal hulle uitken aan hul vrugte. Hy het ook gesê dat ‘n goeie boom nie slegte vrugte kan gee nie, en ‘n slegte boom kan eweneens nie goeie vrugte gee nie. As Martin Luther en die Reformasie ‘n goeie boom was, sou dit nie slegte vrugte kon voortbring nie. As dit slegte vrugte opgelewer het, kan dit nie ‘n goeie boom wees nie. Dis die woorde van die Seun van God, waarvoor ons ons nie hoef te skaam nie.[12]

Hy het ook gesê, “’n Leerling is nie hoër as sy leermeester nie, maar iemand wat volleerd is, sal aan sy leermeester gelyk wees.”[13] Dis pateties om al die Messiaanse gemeenskappe of “communities” te sien opspring oral oor in die land wat die geboorteplek was van die teologie van die Protestantisme, Martin Luther se Reformasie. Hulle sal soos hul leermeester wees, nes al die ander wat onder die gevalle, afgewaterde, ongehoorsame evangelie van die Reformasie wil bly.

Die Seun van God het in Matteus die volgende Goeie Nuus gebring:

Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie! [14]

Is Martin Luther dan nie die “oog” waardeur die Protestantisme sy fundamentele leerstellinge gesien het nie? Hoe het die suiwerheid van sy leerstellinge deurslag gegee tot suiwer dade? As die “oog” dan sleg is, is die hele liggaam van die Protestantse kerk dan nie vol donker, vol duisternis nie? Hoe donker moet dit dan nie wees nie!

Die skrywer aan die Hebreërs skryf, “Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.” [15]

Ons sal almal die beloning, die krediet ontvang vir die geloof wat ons navolg. Want elke mens se dade – of soos Jakobus sê, sy “werke” – verklap sy geloof.[16]

Boston se Puriteine verbrand ‘n “ketter.”

[11] Jak 3:9-18 [12] Matt 7:15-20 [13] Luk 6:40 [14] Matt 6:23 [15] Heb 13:7 [16] Jak 2:17-20

HOE *GNOSTISISME** GETRIOMFEER HET

Almal wat verkies om in die wêreld te bly, met al sy besittings en hul invloed – pleks daarvan om uit 'n ontaarde mensdom gered te word – moet die volgende kompromie in die gesig staar.[17] As geleerde en historikus oor die Lutheraanse geskiedenis het Marc Edwards van Martin Luther geskryf: "*Through compromise and accommodation to political realities, he tried to maintain his influence in order to preserve his central insights into Christian faith.*"[18] Gemeet teen die geskiedenis van die Christendom, veral wat die Jode betref en die Christene se rol in landsregering, is dit duidelik dat Luther se insigte bewaar gebly het.

Martin Luther het met sy mond dit so verkondig, en met sy dade dit so bewys, dat die einddoel van ons lewensbehoud – die mens se invloed, mag en rykdom – die "groen lig" is vir die afwatering van die waarheid, as dit ons maar net sal help om dié mikpunt te haal. Dis niks meer as wat enige wêreldvors ooit verwag het nie – sy deel van die buit – die erkenning dat daar niemand groter as hy is nie. Dis nes die aanbod wat die Seun van God gekry het (en wat Hy geweier het), as Hy die Satan sou aanbid – die koninkryke van hierdie wêreld. [19]

Al wat oorbly nadat hierdie afgodsoffer gemaak is, wanneer die wêreld die standaard van die geloof word, en nie meer die Woord van God nie, is 'n Gnostiese geloof – heeltemal ontneem van sy reddende krag. Dis 'n geloof wat so ver weg is van lewenswerklikheid en sonder die salf van menslike empatie, dat die mees flagrante vergrypings van die gewete (soos die moord, diefstal, leuens en die haat wat die Duitse Nazi's beoefen het in die ruimte wat die Duitse Christene daarvoor toegelaat het) oorgesien word, indien nie geprys nie![20] Dit het niks met die God van liefde te doen nie. Dit bring skande op daardie Jood wat so lank gelede in 'n stal gebore is, en laat Hom hangend aan die kruis, ontneem van Sy opstanding uit die dood. Die kruis van die Gnostiese geloof is nie 'n radikale een nie; dis bloot maar 'n geestelike konsep, en dit pas diegene wat nie die volle prys wil betaal om Hom te volg nie, uitstekend.[21]

Die gedagte dat Martin Luther, en die Duitse Christene van die Derde Ryk wat sy aangevelings uitgevoer het, in ewige geluksaligheid sal wees, is moontlik slegs in die onwerklike, mistieke Gnostiese sfeer. Gnostisisme is die afvallige leer wat die eerste kerk verwoes het, toe kennis en intellektuele trots die ware geloof vervang het. Die Gnostici sê dat 'n mens gered word deur wat hy glo met sy verstand, sogenaamd deur *geloof alleen*, ongeag wat die mens doen. Vir Martin Luther – en diegene wat sy nalatenskap as Protestante aanvaar het – kan dié soort geloof gerus maar so ver verwyderd wees van mens se dade, daarom kon die Jode vermoor word sonder dat hul aanspraak op ewige lewe ongeldig gemaak sou word. Dis duidelik dat die geloof wat Martin Luther so prominent voorgestoot het, nie die reddende geloof was nie, anders sou hy nooit dié dinge kwytgeraak het en gedoen het nie. Hy sou die hart van Paulus vir die Jode gehad het. Die Verlosser wat Paulus gedien het is altyd dieselfde, gister, vandag en môre.[22]

In werklikheid is dit geen geloof nie, want dit het geen

* Die Gnostisisme is 'n heidense praktyk wat kennis van God verhef tot middel van redding vir die mens.

[17]Hand 2:40 [18]Luther se *Last Battles, bl. 208, verwysing no. 8* [19]Matt 4:8-10 [20]Rom 1:28-32 [21]Luk 14:26-33 [22]Heb 13:8

gehoorsaamheid aan die evangelie teweeggebring nie.[23] Dit was net bloot kennis van die waarheid, Bybelse beginsels vir mense om aan vas te klou. Die geskiedenis is 'n klinkklare bewys van die alewige wanpraktyke wat sulke beginsels opgelewer het.

Desondanks alles wat die Satan gedoen het om die naam van die Verlosser te beswadder, bly die Woord van God getrou. Hulle wat eers nie Sy volk was nie, sal seuns van die Lewende God genoem word. [24] Hulle sal diegene wees wat dieselfde Gees ontvang as wat Paulus ontvang het, en sal nes hy, alles agterlaat om die Messias te wen.[25] Hulle sal die Jode jaloers maak wanneer God se wette op hul harte geskryf staan, en woorde van die profete in vervulling bring oor die Nuwe Verbond.

"Such practices commonly proceed from that great whore, the Church of Rome, whose daughters are like their Mother, and all of a bloody nature, as most commonly all Whores be." – Roger Williams*, 1644

* Stigter van Rhode Island, VSA. Hy is vervolg deur die Boston-Puriteine – Protestante – nadat hy skuldig bevind is aan *kettery*, en uit die kolonie verban is.Hy het skuiling gaan soek by die Indiane in hul hutte. Die genade en empatie wat sy "Christen-broers" ontbreek het, het die sogenaamde "goddelose heidene" mildelik uitgedeel. Sy ervaring was dat die skeiding van kerk- en staatsake 'n vereiste is. Alleen dan kan elke mens vry wees om volgens sy gewete te leef.

WIE ONS IS...

Daar is 'n groep mense wat vanoggend opgestaan het, met net een ding in gedagte – om hul Skepper lief te hê met hul hele hart, verstand en met elke greintjie krag, en om mekaar lief te hê, nes Hy ons liefgehad het. Hulle is net gewone mense, en vêr van volmaak. Maar hulle hou moed, enduit. Hulle doel? Dat die koninkryk van God op aarde sal kom, nes in die hemel, sodat liefde en geregtigheid op die aarde kan heers.

Klink dit onmoontlik? Dit sou wees, was dit nie vir *Jahshua** die Messias nie, die Seun van God, wat aarde toe gekom het vir die redding van die mensdom, om ons vry te maak van die vloek van sonde, en ons in staat stel om lief te hê. Diegene wat Hom as waardig sien en wat hul eie nood sien, het alles gelos om Hom te volg. Hy het ons harte verower en ons as 'n nasie bymekaargebring om Sy liefde uit te leef, te midde van 'n verbrokkelende samelewing. Ons harte en ons huise is oop, dag en nag, vir almal wat moeg is vir hul sonde en wat wil weet waarvoor hulle regtig geskape is. **Ons adresse en telefoonnommers is agterop.**

*** Jahshua** is die Hebreeuse naam vir die Seun van God. Dis wat sy Joodse moeder, Miriam (Maria) Hom genoem het na Sy geboorte, soos opgeteken in Lukas 1:31 en Matteus 1:21. Die voetnota by dié vers in die NIV Nuwe Testament lees: *"Jesus is the Greek form of Joshua."* In Hebreeus beteken Sy naam "Ek het krag om te verlos." *Jahshua* is 'n samestelling van "*Ja*" of "*Jah*" (die naam van die Vader, *Jahwe – Ek is*) soos in Afr. *Halleluja*, wat beteken, "prys *Jah*," en "*shua*" (kragtig en gesaghebbend om te red). Ons noem Jesus eerder *Jahshua*, want dis werklik Sy naam.

[23]Jn 8:51; Rom 1:5; 10:17;15:18, en 16:25 [24]Rom 10:26 [25]Fil 3:8